NGK SINODE GOUDLAND

GOUDPOS

NUUSBRIEF NR 13-2017 • WWW.GOUDLAND.ORG.ZA

NUUS VAN ONS GEMEENTES

Argief vra hulp

Susan Marais van die Argief vra dringend julle hulp met datums (maand en jaartal) waarop 'n gemeente se naam verander het; of waar 'n gemeente by 'n ander gemeente ingelyf is; of waar gemeentes saamgesmelt het, of waar 'n gemeente gesluit is. Die afgelope jaar of wat het daar heelwat samesmeltings en inlywings in ons sinode plaasgevind. Help asseblief deur hierdie inligting aan susan@kaapkerk.co.za te stuur.

NUUS VAN ONS SINODE

Sinodesitting 2017

Die sinode Goudland se sinodesitting vir 2017 vind plaas op **31 Oktober en 1 November 2017**.

Leiersberaad

Die Leiersberaad vind plaas Maandag 13 Maart tot Woensdag 15 Maart. leiersberaad vir die hele SBK en leiers uit al die ringe binne die sinode Goudland. Die gedagte is om 'n gespreksgeleentheid te skep waar daar in die lig van rigtinggewende besluite op die afgelope sinodesitting 2016 saam nadink kan word oor die soort kerk en soort leierskap wat tans vereis word en wat relevant sal wees vir vandag se uitdaginge.

Sluit af, en tree af. Nou lê iets groots voor!

Knoop solank hierdie datum vir die aftrede-werkswinkel vir leraarspare op **Vrydag 29 September tot Sondag 1 Oktober 2017**

- Aftrede kan angswekkend wees
- Aftrede verg meer as finansiële beplanning
- Aftrede moet uiters persoonlik beplan word

Hierdie is 'n unieke kans vir leraars wat naby aftrede is (5 jaar) en hul eggenotes om te gesels oor hierdie uitdagende lewensfase. Hierdie kursus word aangebied deur dr Henk Gous en is 'n uitbouing van die kursus van dr Deon Bruwer wat oor jare reeds in Wes-Kaap aangebied is tot met sy onlangse aftrede. Klik vir volledige besonderhede en inskrywingsvorm. Stuur asseblief bevestiging so gou moontlik want daar is slegs plek vir 12 pare, of voor 4 September. Betaling verkieslik dadelik maar asb voor 4 September.

- Henk Gous, namens Goudland Predikantebediening

NUUS VANUIT DIE KANTOOR VAN DIE ALGEMENE SINODE

NG Kerk se kommentaar op die "Combating of hate crimes and hate speech bill"

Die kommentaar deur die NG Kerk op hierdie konsepwet het hoofsaaklik gefokus op grondwetlike beginsels wat deur die konsepwetgewing in gedrang gebring word. Dr Marelize Marais, 'n kenner op die gebied van haatspraak, het die NG Kerk se kommentaar voorberei.

Die NG Kerk het ook as lid van die Tussen Kerklike Raad kommentaar gelewer. Die kommentaar het die NG Kerk se kommentaar baie goed aangevul, met 'n fokus op grondwetlike kwessies. Beide dokumente is in die publieke domein.

NG Kerk se kommentaar op die CLR-verslag

Die sg. CLR-kommissie, vir die beskerming van kulturele en godsdiensregte, het 'n verslag gepubliseer oor die kommersialisering van godsdiens. Die kommissie het klagtes ontvang oor die optrede van enkele pastore van splintergroepe, maar stel nou grootskaalse regulering van die sg. godsdienssektor voor. Hier is die kommentaar van die NG Kerk, by monde van die algemene sekretaris, dr Gustav Claassen.

REFORMASIE

Gereformeerde Identiteit In Tien Stellings

Gedurende 2004 het prof Piet Naudé 'n bondige pamflet opgestel , om in enkele paragrawe 'n duidelike en verstaanbare profiel te teken van 'n Gereformeerde verstaan van die evangelie. Klik om die pamflet af te laai. Dit kan met groot vrug in jul maandblaaie gepubliseer word, of op julle afkondiginge geplaas word om lidmate te help verstaan waaroor ons Gereormeerde leer gaan.

KURSUSSE

Skrifinterpretasie en Skrifgesag: Konferensie

Datum: **22 Maart 2017** [Registrasie vanaf 08:15; Program begin 09:00 tot 16:30] by die NG kerk Lynnwood.
Sprekers: Andries Kritzinger, James Kirkpatrick en André van Niekerk.
Koste: R350.00 p/p
VBO: 10 punte word verdien.
Navrae: Rika van Rensburg, excelsus@up.ac.za / 012-420 6738

Simposium Oor Navorsing In Geloofsontwikkeling En Jeugbediening – Uitnodiging

Prof Malan Nel stuur die volgende inligting aan: As you may know well, the International Association for the Study of Youth Ministry meets every second year. It has also become custom that we in South Africa have a Southern African meeting concerning youth ministry in the same year as the International meeting. Such a meeting is being planned for this year again from **12 to 13 September 2017** at the University of Pretoria. Die inligting is in Engels aangesien die uitnodiging ook tot ander Afrika-lande gerig word. Klik hier vir al die besonderhede – indien jy sou belangstel om dit by te woon, voltooi asseblief die inligting by punt 7 op die inligtingsdokument en stuur dit terug aan prof Nel. (met dank aan Vrypos)

ANDER NUUSBROKKIES KURSUSSE

Jeugstrategie: Gemeentes, hier is Hulp en Hulpmiddels!

Anriëtte de Ridder het hierdie week 'n verskeidenheid hulpmiddele vir gemeentes se jeugbediening en geloofsvorming by die moderamen bekendgestel. Klik hier.

Enkele hiervan is:

- 'n Nuttige handleiding oor geloofsvorming (klik hier)
- Gooi en gesels-speletjie
- Die onsglo-toepassing (binnekort op Playstore)
- Die dinkjeug-webwerf (klik hier)
- Verskillende #imagine geleenthede vir uitreik, leierskap en toerusting
- Paaspakkies vir families vir die Paastyd (klik hier)

Kontak José by die Jeugkantoor met navrae: jose@sun.ac.za of 021 808 9050. (met dank aan VrydagNuus)

Seisoen van Menswaardigheid in Kollig

CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS

Die Seisoen van Menswaardigheid het sewe fokusareas geïdentifiseer waar mense se waardigheid aangetas word, nl ras, ekologie, gestremdheid, geslag, armoede, seksualiteit en siekte. CLF het pas ses pamflette gedruk waar hierdie temas vanuit die Skrif belig word.

Gemeentes en gelowiges word ingelig en uitgedaag om te reageer op hierdie temas. Die gratis pamflette (in beide Afrikaans en Engels) is beskikbaar by CLF – gemeentes kan dit bestel by 021 873 6964 of info@clf.co.za. Dit is ook op die CLF-app gelaai.

Die wonder van saamgestelde rente

Albert Einstein het blykbaar gesê dat saamgestelde rente die agtste wonder van die wêreld is. Mense onderskat dikwels die krag van saamgestelde rente. Saamgestelde rente is rente wat rente op rente op rente verdien.

Netwerk24 het op 05 Mei 2016 'n video op YouTube geplaas wat saamgestelde rente verduidelik. Klik op die volgende skakel om daarna te kyk: Saamgestelde rente.

Finweek (Afrikaanse Uitgawe) van 20 Augustus 2015 gebruik die volgende voorbeeld om saamgestelde jaarlikse rente en 'n belegging van R10,000 te verduidelik: "Oor 20 jaar sal jou belegging van R10,000 tot R62,275 groei – 'n vermeerdering van R57,275. As jou opbrengs nie by die oorspronklike bedrag gevoeg en gelos word om te groei nie – as jy dit dus eerder bestee – sal die opbrengs op jou belegging net R20,000 wees."

Ek deel die volgende gedagte met die laatslapers, diegene wat ouer as 60 jaar is en die afgelope ± 30 jaar nie van "die wonder van saamgestelde rente" gebruik gemaak het nie: "Saamgestelde rente op jou spaargeld in die laaste jare van jou werkslewe kan wondere vir jou neseier verrig. Van die ouderdom van 60 tot 65 kan jou verwagte pensioen as 'n persentasie van jou inkomste van 55% tot 79% toeneem. As jy aftrede met twee jaar uitstel, kan jy jou pensioen tot 91% van jou inkomste opstoot. Stel dit nog drie jaar tot 70 uit en voilà – jou pensioen styg tot 114% van jou inkomste."

(Met erkenning aan WealthFactory) (met dank aan Noord-Kaapland)

Christelike Lektuurfonds se 60-jaar genadepad: Van traktaatjies tot pamflette

Die gebruik van traktaatjies as godsdienstige instrument en evangelisasiemiddel dateer baie eeue terug, selfs

tot voor die boekdrukkuns ontwikkel het. John Wycliffe het reeds in die 14de eeuse Engeland sy leerstellinge deur traktaatjies versprei. Dwarsdeur die onstuimige jare van die Reformasie is daar baie van traktate gebruik gemaak om nuwe idees te versprei – mens sou dit die sosiale media van daardie tyd kon noem, met baie groot impak op die gebeure van daardie tyd.

Watter rol speel CLF pamflette in die vandag se tyd met moderne tegnologie?

Sestig jaar gelede se vaal koerantpapiertraktaatjies het plek gemaak vir kleurvolle pamflette met baie aktuele onderwerpe wat uitnooi tot geloof, wat geloof bou, wat lewenswaardes en -vaardighede help vestig, wat inligting gee oor die maatskaplike vraagstukke van ons tyd en wat troos en hoop bring. Daar word jaarliks steeds meer as 'n miljoen pamflette in 20 tale versprei!

CLF beweeg egter ook saam met tegnologie en stel hierdie pamflette as 'n toep beskikbaar wat deur enige persoon wat 'n slimfoon het afgelaai kan word. Tog is daar ten opsigte van tegnologie ook beperkings en in armer gemeenskappe is daar nie altyd lugtyd en slimfone beskikbaar nie - daarom word die gedrukte lektuur nog steeds met groot vrug gebruik in uitreikaksies.

Gedink jy is nie die tipe persoon wat op straathoeke traktaatjies staan en uitdeel nie? Net 'n paar idees wat jou dalk vernuwend kan laat dink:

- Seën jou huishulp met pamflette in haar moedertaal, waarmee sy die Evangelie in haar gemeenskap kan uitdra en mense ook kan bemagtig om positiewe besluite te neem.
- Besit jy dalk 'n besigheid soos bv 'n vulstasie waar vragmotors of baie toeriste stop? Bestel 'n verskeidenheid pamflette en plaas dit by die kleedkamers. Dit mag dalk net iemand se lewe red. Of vind uit by jou dokter of haarkapper of jy van CLF se pamflette in hul spreekkamer of salon kan plaas.
- Ken jy iemand wat deur 'n erge trauma worstel of die dood van 'n geliefde moet verwerk en jy wil help, maar het nie die regte woorde om te troos? Pamfletonderwerpe wat hartseer soos verkragting, werkloosheid, rouproses, mishandeling, depressie, trauma en vele meer aanspreek kan jou help om die heelwordpad saam met 'n gebroke mens te loop.
- Voel jy moedeloos en hartseer oor swak rasseverhoudings in ons land en wonder jy wat jy kan doen om brue te help bou? Vind uit wat die moedertaal is van die persoon wat jou by die kasregister of by die vulstasie bedien en neem volgende keer 'n pamflet of 2 vir hulle saam. In Madiba se woorde: "Praat met iemand in 'n taal wat hy verstaan en jy praat met sy kop, maar praat met iemand in sy moedertaal en jy praat met sy hart.
- Is jy iemand wat elke keer jou hart vashou en skuldig voel oor die bedelaar wat met pleitende oë deur jou motorvenster staar? "Hoe gemaak met die mense op straat" kan jou bemagtig om op die regte en volhoubare manier na hierdie randfigure uit te reik.

Vir meer inligting of bestellings van pamflette besoek gerus ons webtuiste by www.clf.co.za of skakel 021 8736964 of e-pos info@clf.co.za.

BYBEL-MEDIA NUUS

Wenners van Bybel-Media-Cordis Trust-pryse

Dit is met groot dankbaarheid dat Bybel-Media, in samewerking met Cordis Trust, die pryswenners in drie verskillende kategorieë kan bekendmaak.

[Cordis Trust maak dit vir Bybel-Media moontlik om pryswenners aan te wys in drie kategorieë – soos hieronder volledig uit een gesit is. Drie onafhanklike beoordelaars wys die wenners in die eerste twee kategorieë aan.]

1. Bybel-Media-Cordis Trust-prys vir oorspronklike, Afrikaanse Christelike familie- en/of gesinspublikasie se 2017-wenner:
   Ontvang wat vir jou gegee is - Hoe die doop ons kan leer om met Christus te leef

Skrywers: Coenie Burger en Andries Cilliers
Uitgewer: Bybel-Media

2. Bybel-Media-Cordis Trust-prys vir oorspronklike, Afrikaanse Christelike jeug- en/of kinderpublikasies se 2017-wenner:
   Kleuterpret (Akkerpret) ... Aanbiedersgids
   Skrywer: Liana Lourens
   Uitgewer: Bybel-Media
3. Bybel-Media-Cordis Trust-pryse vir bydrae tot spesiale projek(te) met 'n Bybel-Media verbintenis... met deerniswerk, woordkuns en geestelike groei as vernaamste kriteria. Die 2017-wenners:
   Ds Koos Kriel – medewerker by Nehemia Bybelinstituut én Elise Bosch – medewerker by LiG, en ander ...

Die pryswenners ontvang elk 'n oorkonde en geldprys by 'n latere geleentheid – wat binnekort bevestig sal word.

e-Kerkbode

Neels Jackson, redakteur van Die Kerkbode, hou ons gereeld op hoogte van die jongste nuus in ons kerk in die e-Kerkbode. Klik op die skakel om al hierdie berigte te lees by: http://kerkbode.christians.co.za/. Dis 'n gratis nuusdiens.

Met Bybelboekies leer kinders lees

Gemeentes wat by vroeë kinderontwikkeling betrokke is, kan by die Bybelgenootskap van Suid-Afrika aanklop om materiaal wat kan help om 'n grondslag vir geletterdheid by kinders te lê.

Die Bybelgenootskap het onlangs die Zoeloe-vertaling bekend gestel van twee doen-en-leer-boekies wat Bybelse inhoud bevat en kinders op 'n opvoedkundige manier help om te leer. Daar is reeds soortgelyke boekies beskikbaar in Afrikaans, Engels, Xhosa, en Suid-Sotho. Die Noord-Sotho-vertaling is op pad.

Die Bybelgenootskap sê in 'n verklaring hulle het 'n paar jaar gelede bewus geraak van duisende kinders in veral arm woonbuurte wat deur die dag in dagsentrums versorg word, maar geensins aan enige vorm van geletterdheid blootgestel word nie. Baie van hierdie kinders het ook nie die voorreg om die ontvangsfase (graad R) by te woon nie.

Op die foto is ds Dirk Gevers, uitvoerende hoof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, besig om met 'n paar kinders te skerts by die bekendstelling van die Zoeloe-vertaling van die Bybel-gebaseerde doen-en-leer-boekies. Foto: Francois Sieberhagen

Klik om volledige berig te lees.

Vakatures in Kerkbode geadverteer

'n Lys van vakatures vir predikante, ander kerklike amptenare en verwante kerklike instansies is gerieflik beskikbaar in die NG Kerk se amptelike kerkkoerant, Kerkbode. Dit word ook via die nuwe e-Kerkbode elektronies versprei na predikante en gemeentes, sowel as ander intekenare. Klik hier vir die jongste vakatures in die NG Kerk-familie: http://kerkbode.christians.co.za/category/vakatures/

KONTAKBESONDERHEDE VAN DIE PROPONENTE WAT IN 2016 GELEGITIMEER IS

- Bernard Barnard [072 275 7392; bernard.barnard@hotmail.com]
- Eddie Brown [082 305 3972; malmaneddie@gmail.com]
- Antje du Plessis [Kontak haar by antjeduplessis@gmail.com]
- Berenice Esterhuyzen [072 794 5928; aesterhuyzen@clinix.co.za]

- Jaco Heymans [084 264 4895; jacoheymans@yahoo.com]
- Danielle Laubscher [082 496 9024; daniellelaubscher317@gmail.com]
- Christo Schoeman [082 775 4988; cjschoeman777@gmail.com]
- Bernice Serfontein [083 417 5133; bernice.serfontein@gmail.com]
- Ian Stanton [072 281 1634; lSianstanton@gmail.com]
- Dirk Steyn [079 023 8539; dircoeste@gmail.com]
- Marileen Steyn [082 701 3258; marileen.steyn@gmail.com]
- Stanwin Street [079 525 5695; stanwins@gmail.com]
- Anandie Vosloo [083 251 7213; anandievosloo@gmail.com]

(met dank aan Verskil)

AFLOSPREDIKANTE

- Hennie le Roux: Preekbeurte – sel: 082 374 2208, tel: (011) 660-7652, epos: hennieleroux@yebo.co.za – Wesrand
- Zachie le Roux: Brugpredikant en preekbeurte – sel: 083 799 5911, epos: zachie.leroux@gmail.com – Randburg
- Dr Meyer de Kock: Termyn-aflos 4-6 weke op platteland – sel: 082 459 6707, epos: gelmi@absamail.co.za – Odendaalsrus
- Fanus Kloppers: Aflos, preekbeurte – tel 062 162 6142 of sel: 016 454 0295 - Vereeniging
- Dr Henk Gous: Preekbeurte – sel: 083 267 0108 - epos: henkgous@mweb.co.za
- Hennie Lombard: Beskikbaar vir optredes op die Wes Rand of selfs verder – tel: 011 672 4610 of 072 231 7626, epos: hennielombard@telkomsa.net
- Terence Cooke: Preekbeurte – sel: 0827759570, epos: cookie@telkomsa.net - Potchefstroom.
- Matthys Steyn: Preekbeurte en aflos – epos: grootthys@gmail.com, sel: 0824595139 - Wesrand
- Swannie Swanevelder: Poppekas-bediening - van voorskool tot hoërskool - sel: 072 187 0259 - Wesrand

Laat weet asseblief as jy beskikbaar is as aflospredikant, asook vir preekbeurte, of as jy van 'n proponent of emeritus-predikant in die gemeente weet wat beskikbaar is vir preekbeurte of aflos. Stuur assebblief kontakbesonderhede aan ds.noel@ngkgoudland.org.za

---

INTEKEN/KANSELLEER

- Ek wil asb inteken op GOUDPOS
- Kanselleer my intekening op GOUDPOS